**Saterdag 21 September**

| Skrifgedeelte: Romeine 11:33-36 | Fokusgedeelte: Romeine 11:33-34 |
|---|---|

**Ons sing in verwondering oor God se genade**

Hierdie is ’n besonderse lied wat Paulus sing in verwondering oor God se grootheid en almag. Hy begin met drie kragtige stellings, en dan volg drie retoriese vrae. Drie plus drie. Dit is ’n volmaakte lied.

Ons ken die antwoorde op die retoriese vrae. Dit is voor die handliggend. Niemand ken die bedoeling van die Here nie, niemand kan Hom raad gee nie, niemand kan Hom ’n guns bewys nie. Want die God wat ons aanbid, is God! Hy is groot en almagtig.

Die retoriese vrae wat Paulus sing om God se grootheid en almag te beskryf, roep ons op om God se grootheid en almag saam met Paulus te besing. Ná die volk van Israel gesondig het, is God regverdig in sy optrede. Hy gaan sy oordeel oor hulle voltrek, maar Hy bewys ook genade. Dit laat Paulus besef hoe groot God se genade is! God bewys genade aan mense wat dit nie verdien nie. Dit is bo ons verstand – sy oordele is ondeurgrondelik, geen mens kan God se weë verstaan nie. God is onnaspeurlik, want niemand kan sy werk deursien en begryp nie. Só ondeurgrondelik dat ons nie kan verstaan hoekom Hy ons, sondaarmense, sal vergewe nie.

En dan styg die lied tot ’n klimaks, ’n hoogtepunt. Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! En ons sing saam, want so groot is ons dankbaarheid. Ons sondaarmense se sonde is in Christus vergewe. Ons leef ’n dankbare lewe en sing met ons lewe ’n loflied vol verwondering tot God.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 3, 6*

*Teologiese Student AL Pelser (Ammi)*